HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van 'n geskikte persoon in die volgende vakature:

Nutsman: Beskermingsdienste - Riversdal

(Verw: G022) T6 – R137 191.20 to R178 101.00 bruto salaris per jaar

Vereistes: Graad 10 • Kode C1 bestuurderslisensie • Professionele Bestuurspermit • Fiks en gesond • Bereid wees om in gure weersomstandighede te werk • Ses maande ondervinding in 'n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Herstel- en instandhouding van verkeerstekens • Hou padtekens skoon en instand • Meet- en verf padtekens • Behulpsaam met skut van diere asook insidente • Herstel- en vervang padtekens • Verf munisipale geboue • Teëlwerk • Rig tydelike strukture op • Lê plaveisel • Bouwerk • Toesighouding.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig persone met gestremdhede, asook persone vanuit voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate sal aan 'n praktiese toets onderwerp word.

'n Munisipale aansoekvorm is verpligtend, asook 'n CV. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV's en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak me L Kleinhans by 028 713 7808.

Sluitingsdatum : 4 Augustus 2020

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 31 Oktober 2020 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.